LAERSKOOL ELARDUSPARK
Waar leerders toegerus word
Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153
Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

3 Februarie 2021

Geagte Ouers

UITDEEL VAN SKRIFTE VIR GR 4 - 7

Op Maandag, 1 Februarie het die 2021 akademiese skooljaar afgeskop vir die onderwysers. Ons het alreeds baie planne gemaak t.o.v. onderrig en hersiening van die 2020 Covid jaar. Wees verseker dat ons sal seker maak dat elke leerder die nodige aandag en onderrig sal ontvang.
Soos genoem in die Ouer-brief 1 van 19 Januarie 2021 gaan die skrifte vir Gr 4 - 7 leerders alreeds uitgedeel word voordat die leerders terugkeer op Maandag, 15 Februarie 2021. Neem asb kennis van die volgende inligting t.o.v. die datums en prosedures.

DAG	DATUM	TYD	GRAAD	HEK
Do en Vry	4 en 5 Feb	07:00 - 09:00	4	Hek 2
Do en Vry	4 en 5 Feb	07:00 - 09:00	5	Hek 3
Do en Vry	4 en 5 Feb	07:00 - 09:00	6	Hek 1
Do en Vry	4 en 5 Feb	07:00 - 09:00	7	Hek 1

WIE MAG DIE SKRIFTE KOM AFHAAL

- Ouers
- Leerders
- Vriend of familielid

Maak asb seker in watter registerklas u kind is aangesien u kind se naam op die klaslys afgemerk word wanneer die skrifte afgehaal word. Neem asb kennis dat ALLE leerders hulle skrifte op hierdie twee dae moet kom afhaal. Ouers wat ‘n krisis het met die afhaal van skrifte moet asb. ‘n reëling tref. Klaslyste is uitgestuur in Desember 2020 en dit is ook op die betrokke graad se Google ADMIN gelaai.

OORTREK VAN SKRIFTE

Ons versoek vriendelik dat die leerders se skrifte oorgetrek sal word voor die skool heropen op 15 Februarie 2021. Alle voorblaaie en papiere wat in die boek geplak moet word is in die pakket. U as ouer moet uself vergewis van die oortrek instruksies deur op Google Classroom onder die betrokke vak te kyk hoe elke skrif oorgetrek moet word. Handboeke en kuns skrifte word eers uitgedeel as die skool begin.

LAERSKOOL ELARDUSPARK
Waar leerders toegerus word

Albertonstraat 548, Elarduspark, Pretoria
Posbus 918, Wingatepark, 0153

Tel: (012) 345 1031
Faks: (012) 345 4819
Epos: info@lardies.co.za
Webwerf: www.lardies.co.za

WHATSAPP KLASGROEPE

Elke registeronderwyser is tans besig om vir sy/haar klas 'n whatsapp groep te stig vir kommunikasie. Hierdie whatsapp groep is slegs om boodskappe deur te gee en nie vir algemene kommunikasie nie. Laerskool Elarduspark het die veiligheid t.o.v. whatsapp groepe bestudeer en wil u verseker dat dit veilig is. Slegs 1 ouer per gesin is op die groep geplaas, indien u nie op die groep is nie maar wel deel hiervan wil wees moet u asb 'n epos stuur na die betrokke Graadhoof (sien die epos adresse)

Graad 4: Me L Smit (lsmit@lardies.co.za)
Graad 5: Me J Naude (jnaude@lardies.co.za)
Graad 6: Me L van Rooy (evanrooy@lardies.co.za)
Graad 7: Mnr C Claassen (cclaassen@lardies.co.za)

GOOGLE CLASSROOM REGISTRASIE

Ons herinner u dat elke leerder weer moet registreer op Google Classroom en dat al die nuwe vakke vir die jaar ook bygevoeg moet word. Sien asb die brief t.o.v. Google Classroom registrasie van 20 Januarie 2021.

HERSIENING 1 FEBRUARIE - 12 FEBRUARIE 2021

Hersieningswerk vir Gr 4 - 7 leerders is gelaai op die graad se Google Classroom. Hierdie hersieningsoefeninge in Afrikaans, Engels en Wiskunde is gemik op die voorbereiding vir die basislyntoetse wat geskryf word vir die Gr 5 - 7 leerders op Maandag, 15 en Dinsdag, 16 Februarie 2021. Let wel dat die Gr 4 leerders NIE basislyntoetse skryf nie.

Ons versoek vriendelik dat die Gr 4 - 7 leerders tydens hierdie tyd by die huis die geleentheid sal gebruik om aandag te gee aan lees. Ons kan nie genoeg klem lê op die belangrikheid van lees nie.

Ons sien uit om die leerders te verwelkom op Maandag, 15 Februarie 2021. Sterkte aan elke gesin, wees veilig en gesond.

Vriendelike groete

ME H BARKHUIZEN
ADJUNKHOOF

MNR T HUMAN
SKOOLHOOF